



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die eerste verslag vir 2007.

Politiek

- Die kookpot in die Midde-Ooste hou aan met prut sonder enige aanduidings dat die hitte van die stryd in die naby toekoms sal afneem. Die fokus is op Irak, maar Iran, Sirië, Libanon, Israel/Palestina, Afghanistan is deel van die probleme en indien die Koerde nie gelukkig is nie, kan Turkye ook ingetrek word.
- Die probleme in Afrika bly legio met min hoop dat oplossings maklik en gou sal kom.
- President Robert Mugabe is steeds vas van plan om stabiliteit in die vernietiging van Zimbabwe se ekonomie te verseker deur te poog om tot 2010 toesig daarvoor te hou. Sommiges sal dit sekerlik stilwyend gade slaan.
- Die RSA politieke toneel kan in die res van die jaar toenemend onstuimig raak deur die leierskapstryd wat veral in die ANC na vore kan tree. Ongelukkig hou finansiële markte nie van onstabiliteit nie!

Internasionaal

- Die onlangs vrygestelde ekonomiese statistiek vanuit die VSA soos werkloosheid, kleinhandelverkope en algemene ekonomiese groei, dui daarop dat hierdie ekonomie steeds matige groei toon. Daar is tans geen aanduiding van 'n resessie nie en alhoewel die huismark aansienlik verswak het deur die loop van 2006, het dit tot dusver min invloed op die res van die ekonomie getoon. Indien hierdie tendense in die komende maande voortgesit word, kan groei vooruitskattings opwaarts aangepas word tot vlakke van sowat 3% in 2007.
- In die VK is die huismark steeds vol lewe met huislenings wat in 2006 met 20% teenoor 2005 gestyg het. Desember kleinhandelverkope was ook die sterkste sedert 2003. Groeivooruitsigte bly dus goed en sal slegs gedemp word deur verdere rentekoerstygings in die res van die jaar. Die Europese Sentrale Bank is van mening dat Euroland se ekonomie goed vertoon. Dis omdat uitvoere, nieteenstaande die sterk vertoning van die euro teenoor ander geldeenhede, presteer weens die wêreldekonomie wat sterk groei. Daar is ook meer as voldoende likiditeit wat tesame met verbeterde indiensneming binnelandse verbruik stimuleer. Die Japanse ekonomie het die afgelope paar maande swakker as verwag vertoon weens swakker private verbruiksbesteding. Daarteenoor word uitvoere gestimuleer deur die aansienlik swakker jen teenoor ander geldeenhede en die voortgesette internasionale ekonomiese groei. Die aanduidings is dat die Chinese ekonomie reële groei van minstens 9.5% in 2007 sal toon. Daar bestaan egter reeds oor-kapasiteit in sommige produksiesektore wat groei kan belemmer.
- VSA inflasie het in 2006 met 2.5% gestyg wat die kleinste styging sedert 2003 is. In die VK is inflasie in Desember 3% wat die hoogste vlak in 10 jaar is. In Euroland verwag die ESB dat inflasie in 2007 en 2008 op sowat 2% sal wees, maar dat daar opwaartse risiko's is. In Japan was kerninflasie in November 0.2% jaar-op-jaar en bly die aanduidings dat slegs matige inflasie verwag kan word terwyl die olieprys verswak en tans op die risiko van deflasie dui.



- Die jongste inflasie en groeisyfers dui daarop dat VSA rentekoerse nie in die nabye toekoms sal daal nie, maar dat die risiko vir 'n styging van korttermynrentekoerse die afgelope tyd weer eens toegeneem het. In die VK het die risiko vir verdere rentekoerstygings in die res van die jaar die afgelope tyd toegeneem. Aanduidings is dat Europese rentekoerse in Maart verder sal styg en teen die middel van die jaar op 4% kan staan. In Japan word slegs baie matige rentekoersstygings van die huidige 0.25% vlak in die res van die jaar verwag. Langtermynrentekoerse word deur die beweging van die korttermynrentekoerse beïnvloed en neig tans hoër.
- Algemene kommoditeitsmarkte word tans beïnvloed deur die verwagting dat ekonomiese groei in 2007 effens sal verlangsaam en die fisiese vraag na hierdie kommoditeite kan afneem. Sommige kommoditeite word egter steeds ondersteun deur lae voorraad vlakke. Terselfdertyd word die kommoditeitsmarkte ook beïnvloed deur die skerp verswakking van die olieprys en die gepaargaande uitvloeï van spekulatiewe geld vanuit hierdie markte. Tot watter mate hierdie tendens in die res van die jaar voortgesit sal word, sal die tyd moet leer, maar die omvang van spekulasie in hierdie markte was die afgelope aantal jare groot.
- Die goudprys het die afgelope tyd wipplank gery en weerspieël meestal die vertoning van die dollar teenoor ander geldeenheide. Indien die dollar verder verswak, kan die goudprys verder verstewig.
- Die olieprys het sedert die begin van die jaar verder gedaal en was op 'n stadium onder die \$50/vat teenoor die \$78/vat wat in Julie 2006 behaal is. Die prys word beïnvloed deur die swakker as verwagte vraag in die Noordelike halfmond weens die tot dusver warmer as normale winter – die afgelope week het hierdie situasie egter verander met baie koue weerstoestande. Die verlangsamings van die VSA ekonomie het ook tot 'n afname in die vraag na olie veroorsaak. Verder is die prys ondermyn deurdat die OPUL lande tot dusver slegs sowat die helfte van hul voorgenome vermindering van olieproduksie deurgevoer het. Die besluit om produksie met 1.2 miljoen vate per dag te verminder, is reeds in November geneem en in Desember opgevolg met 'n besluit om dit met 'n verdere 500,000 vate/dag te verminder. Hierdie tipe besluite kan makliker deurgevoer word indien die prys styg. Die verswakking van die olieprys het tot die uitvloeï van 'n gedeelte van spekulatiewe geld vanuit hierdie mark geleï en het na ander markte oorgespoel.
- Die meeste aandelebeurse het die jaar goed begin met rekord vlakke wat in die VSA en China behaal is met 6 jaar hoogtepunte in Europa.

Plaaslik

- Die groei van die ekonomie word steeds ondersteun deur baie sterk privaat verbruiksbesteding asook die aanvang van die openbare sektor se infrastruktuur projekte waaraan tot 2010 minstens R400 miljard bestee sal word. Die aanduidings is dat daar wel geld beskikbaar sal wees om 'n paar kragstasies te bou en lokomotiewe aan te koop niesteenstaande die sokkerstadions wat baie meer as die begrote geld gaan opslurp. (dit raak dalk so duur omdat inflasie in die konstruksiesektor sowat 25% is.)
- Die sterk besteding veroorsaak dat die tekort op die handels- en lopenderekening van die betalingsbalans baie groot is en verder sal toeneem. Gelukkig daal die internasionale olieprys wat tot voordeel van die RSA se invoere is. Daar is steeds voldoende internasionale likiditeit aanwesig om die invloei van korttermyn- en handelsfinansieringskapitaal verder te ondersteun. Die totale goud- en valutareserwes toon verdere verbetering, maar die risiko's ten opsigte van die groot



betalingsbalanstekorte wat meestal deur die invloed van korttermynkapitaal finansier word, bestaan steeds.

- Die voorsiening van benutbare geskooldes bly die grootste knelpunt vir volhoubare ekonomiese groei in toekomstige dekades. Ongelukkig is daar ook geen aanduidings dat hierdie probleem in die voorsienbare toekoms opgelos sal word nie, met die voorsiening van goed opgeleide onderwysers seker een van die grootste probleme.
- Die sentrale owerheid se begroting bly baie goed onder beheer met inkomstes wat die begrote syfers steeds ver oorskry en uitgawes wat sukkel om reg aangewend te word. Hopelik sal die voorspelde surplus op die 2007/8 begroting reg aangewend word en eerder die produksiesektore van die ekonomie stimuleer as die verbruikerskant – of is dit steeds te veel gevra om die sakesektor te ondersteun? Provinsiale owerhede se finansies bly redelik onder beheer, maar plaaslike owerhede se oninvorderbare skuld van sowat R26 miljard word ‘n al hoe groter albatros om hierdie owerhede se nek, sonder dat daar ‘n oplossing vir hierdie probleme in sig is.
- Inflasie gemeet aan die vpi-x bly gemaklik binne die mikpunte van die sentrale bank van tussen 3% en 6%. Die huidige afname in energiepryse kan help om inflasie binne die mikpunt te hou, maar die grootskaalse binnelandse besteding, stygende lone en voedselpryse dui op ‘n risiko van opwaartse druk op pryse in die volgende vier jaar.
- Gegewe die sterk binnelandse besteding, die risiko ten opsigte van die betalingsbalans asook die inflasiekoers, is my verwagting dat korttermynrentekoerse in die res van 2007 sal aanhou styg. Langtermynrentekoerse word tans sterk beïnvloed deur die voorspelling dat die staat in die volgende finansiële jaar ‘n begrotingsurplus sal hê. In die langer termyn kan hierdie rentekoerse egter deur dieselfde faktore as die korttermynkoerse beïnvloed word.
- Die aandelebeurs het in navolging van internasionale tendense asook die verwagting dat plaaslike maatskappye baie goeie winste sal verklaar weens die grootskaalse besteding wat tans plaasvind, ook sedert die begin van die jaar nuwe rekordvlakke bereik.

Beleggingsomgewing

- Die huidige lae Japanse rentekoerse en aanduidings dat hulle slegs matig sal styg gedurende die jaar, bring mee dat likiditeit in die wêreld se finansiële en kommoditeitsmarkte in komende maande op hoë vlakke sal wees en hierdie markte sal ondersteun. Hierdie situasie kan wel benadeel word deur die styging wat in Britse en Europese rentekoerse verwag word asook die aanduidings dat VSA rentekoerse sywaarts sal beweeg in die volgende ses maande met die risiko dat die koerse wel gedurende hierdie periode kan styg.
- Aandeelbeurse word tans ondersteun deur voortgesette goeie maatskappyresultate wat op sy beurt weer deur die goeie ekonomiese groei van die wêreld ekonomie gestut word. Hierdie tendens kan in die eerste ses maande van die jaar voortgesit word, maar die risiko is dat rentekoerse sterker kan styg as wat tans verwag word en positiewe sentimente daardeur ondermyn word.
- Kommoditeitsmarkte is wisselend. Sommiges het die afgelope tyd skerp verswak van die baie hoë vlakke wat in die voorafgaande jare behaal is terwyl ander deur voortgesette lae voorraadvlakke ondersteun word. Beleggers sal dus baie versigtig moet wees omdat die omvang van spekulاسie in hierdie markte nie maklik vasgestel kan word nie. Die skerp verswakking van die olieprys sedert Julie 2006 dra heel moontlik ook by tot die daling van ander kommoditeitspryse.



- Internasionale langtermynrentekoerse word tans beïnvloed deur die tendens van korttermynrentekoerse en kan in die res van die eerste kwartaal hoër neig.
- Die dollar word steeds ondersteun deur aanduidings dat die gaping tussen VSA rentekoerse en die res van die wêreld nie vinnig sal vernou nie.
- Plaaslike korttermynrentekoerse behoort in die res van die jaar hoër te neig weens die oormatige besteding wat sal voortduur – ook in die res van die dekade. Indien hierdie rentekoerse nie verder verhoog word nie – soos deur baie ekonome voorspel – sal dit meebring dat besteding op té hoë vlakke voortgesit word en die risiko vir hoër inflasie in komende jare verhoog. Maatskappywinste behoort dan ook hierdie besteding te weerspieël met hoër winste.
- Die plaaslike aandelebeurs behoort minstens in die eerste helfte van die jaar steeds die goeie winste van maatskappye te weerspieël. Maatskappye betrokke by die infrastruktuurprojekte behoort in die res van die dekade goeie resultate te behaal.
- Die rand word steeds deur die invloed van buitelandse kapitaal ondersteun. In die loop van die jaar kan die rand wel onder druk kom weens die voortgesette groot tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans sowel as enige toename in politieke onsekerheid weens die opvolgstryd in die ANC.

Ulrich Joubert
27 Januarie 2007